



Hoërskool Heilbron spog met nuwe baadjie...

Hoërskool Heilbron se drie bussies is van nou af van ver af duidelik sigbaar. Dit is alles moontlik nadat die skool Pioneer genader het vir 'n borgskap. Pioneer het nie gehuiwer nie en het die skool met 15 sakke mieliesaad geborg.

Twee weldoener-boere in Heilbron het vier van hierdie sakke geplant, waarvan die skool die opbrengste daarvan gaan ontvang. Die oorblywende 11 sakke gaan by die jaarlikse Boeretreat opgeveil word. Boere word somer nou al uitgenooi om die sakke te kom

opraap – dit gaan vir 'n goeie doel. Pioneer se goedgunstigheids stop nie net daar nie. Om die borgskap meer permanent bekend te maak, het hulle op hul eie onkoste drie van Hoërskool Heilbron se skoolbussies ingekleur vir bemarkingsdoeleindes 'n kleurvolle baad-

jie aangetrek. Die skool en kinders sien met groot opgewondenheid uit om van hierdie bussies gebruik te maak. Die branding projek is met trots deur Heilbron Herald hanteer!

#Imagine laat tieners gons



Tieners van Heilbron geniet die sesde #Imagine-belewenis saam by Nampopark.

Sesde belewenis inspireer meer

Nampopark laat die jaarlikse Nampo Landbouskou eerste in jou gedagtes opkom, maar nie die afgelepe naweek nie. 26 Tieners van Heilbron het die naweek van 29 tot 31 Maart 2019 die sesde #Imagine-belewenis by Nampopark naby Bothaville bygewoon. Imagine behels 'n interkerklike kamp wat deur die #Imagine-beweging op dieselfde naweek by vier verskillende terreine oor Suid-Afrika aangebied word.

Die lofprysing, in egte tienerstyl, Woord wat gedeel is en werksinkels wat aangebied is, het die tieners verryk en toegerus vir dienswerk teruggestuur huis toe. Die #Imagine-beweging is gegrond op Efes. 3:20 wat sê: God is in staat om te doen ver bo alles wat jy kan bid of "imagine". Die Heilbron #Imagine tienergroep kom op 'n gereelde basis in Heilbron-Suid se kerksaal bymekaar. Enige navrae kan gerig word aan Mike Mouton by 082 652 1450.

7				9				
			4	3		9	7	5
					7	3	2	
9	7							1
	6		8	5	1		3	
8							6	2
	4	7	6					
2	9	6		8	5			
				2				7

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.